education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**AFRIKAANS HUISTAAL V1**

**MODEL 2007**

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | LEESBEGRIP | (VRAAG 1) |
   | AFDELING B: | OPSOMMING | (VRAAG 2) |
   | AFDELING C: | TAAL | (VRAAG 3) |

3. Lees AL die instruksies en vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is, in die MIDDEL van die bladsy en laat 'n reël oop tussen antwoorde.

5. Trek 'n lyn na elke voltooide afdeling.

6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.


8. Skryf netjies en leesbaar en gebruik slegs blou ink.


## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL EN SPOTPRENT

Lees die onderstaande leesstuk deeglik deur en beantwoord dan die vrae:

**Breëband is deesdae die gonswoord, maar wat presies is dit en wat is die voordele?**





1. ADSL is die vinnigste en mees koste-effektiewe manier om vinnige internettoegang te kry. ADSL is 'n vinnige, altyd-beskikbare, digitale verbinding met die internet. Dit werk deur jou bestaande telefoonlyn.

2. Wanneer jy die nodige hardeware ('n rekenaar en 'n ADSL-modem) het en jou ADSL-lyn geaktiveer word, word jou telefoonlynsein in twee strome verdeel - een vir stem of faks en die ander vir 'n hoëspoed-dataverbinding. ADSL is tot nege keer vinniger as 'n standaard-inbelverbinding en dit is altyd beskikbaar. Jy is dus permanent aan die internet verbind. Jy betaal nie vir 'n telefoonoproep elke keer as jy die internet gebruik nie, dus sal daar maandeliks op jou Telkom-rekening 'n vaste bedrag vir jou ADSL-toegang wees. As jy maandeliks meer as R270,00 aan internettoegang bestee, moet jy ADSL oorweeg, want dit sal beslis vir jou 'n goedkoper (en vinniger) verbinding wees.

**KOORDLOSE BREËBAND**

3. Koordlose breëband gee jou die vermoë om aan die internet verbind te wees, waar jy ookal is. Dit is internettoegang enige tyd, enige plek!

4. Met koordlose breëband kry jy internettoegang op enige plek waar jy selfoonontvangs het. Jy het net jou skootrekenaar, selfoon en 'n 3G-datakaart nodig. Dit is ideaal vir besige sakelui en diegene wat gereeld reis. As jy 'n datakaart het, het jy internettoegang wat maklik is om op te stel. Jy hoef nie op 'n vaste telefoon staat te maak nie en daar is geen installasie- of inbelkostes nie. Jy hoef ook nie vir die verbinding te wag nie. As jy byvoorbeeld nie 'n skootrekenaar het nie, kan jy 'n koordlose '*router*' koop, jou datakaart daarmee aan 'n persoonlike rekenaar koppel en steeds die voordele geniet.

[Verwerk uit: *Skottel*, dstv-gids, September 2006]

Kopiereg voorbehou 

1.1 Sê in EEN sin wat ADSL volgens hierdie leesstuk is. (2)

1.2 Hoe verskil ADSL- en breëbandtegnologie volgens paragrawe 2 en 4? (2)

1.3 Wat is die verskil tussen ADSL en 'n standaard-inbelverbinding volgens paragraaf 2? (1)

1.4 Hoe gereeld sal jy vir ADSL betaal? (1)

1.5 Watter onontbeerlike komponent maak koordlose breëbandverbindings uniek? (1)

1.6 Wat is die doel van hierdie leesstuk? (1)

1.7 Wie is die teikengroep van hierdie leesstuk? (1)

**EN**

Lees die onderstaande leesstuk aandagtig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae:

**SMS word 'n leefwyse**

1. Hoe beïnvloed hierdie gerieflike manier van interaksie ons vermoë om te kommunikeer?

2. Me. Sandra van Heerden, 'n voormalige taalkunde-onderwyser, is bekommerd oor die invloed wat selfone op hoërskoolkinders se spelling het.

3. Sy sê kinders se hele sosiale bestaan is om SMS'e geweef.

4. 'Selfone is 'n nagmerrie in die klaskamer. Op enige gegewe oomblik is daar altyd vier of vyf kinders wat onder die bank besig is om te SMS. Die selfone trek hulle aandag af.'

5. Van Heerden meen dat selfoonetiket deel van 'n kommunikasiekursus op skool behoort te wees, want die ouers is maar net so onopgevoed in selfoonkommunikasie as hulle kinders.

6. Die gevaar is dat tegnologie wat veronderstel is om kommunikasie te vergemaklik, ons eintlik leer om minder en minder interpersoonlik te kommunikeer.

7. 'n Selfoon is lankal nie meer net 'n kommunikasiemiddel nie, maar eerder 'n statussimbool.

8. 'Suid-Afrikaners het 'n obsessie met status. Ons probeer om altyd die nuutste selfone te hê en ons is nie skaam om daarmee te spog nie,' meen mnr. Laughton Appollis, die uitvoerende direkteur van Flexicell.

9. Me. Mariekie Burger, 'n dosent in Kommunikasiestudie aan die Universiteit van Johannesburg, stem hiermee saam. Daar is onlangs navorsing gedoen by skole in Soweto. Die navorsing het getoon dat kinders se status in 'n groep direk van die aantal SMS'e wat die kind op 'n dag ontvang, afhanklik is.

10. 'Mense verkies om via SMS te kommunikeer omdat 'n mens teen 'n redelike prys reëlings kan tref en vriendskappe in stand kan hou. Jy kan iemand ook maklik ontwyk wanneer jy nie vir hulle reaksie kans sien nie,' sê sy.

11. Ongelukkig word die gebruik van selfone in die openbaar 'n groeiende irritasie.

12. 'In die 80's was dit ongeskik om jou foon in ander se geselskap te antwoord. Deesdae is dit ongeskik om nie jou foon te antwoord nie,' sê mnr. Thomas van der Linde, die uitvoerende direkteur van I-Touch Cellular.

13. Volgens hom behoort jy die persoon wat in jou direkte omgewing is, voorkeur bo die persoon wat jou bel of SMS, te gee.

[Verwerk uit: *Pols*, 16 Augustus 2006]

1.8 Gee TWEE bewyse uit die teks dat SMS'e 'n invloed op skoolkinders se kommunikasie het. (2)

1.9 Waarom is selfone 'n nagmerrie in die klaskamer? (1)

1.10 Waarom moet skole, volgens paragraaf 5, selfoonetiket onderrig? (1)

1.11 Wat is die gevaar van tegnologie vir kommunikasie volgens paragraaf 6? (1)

1.12 Gee TWEE bewyse uit die leesstuk dat Suid-Afrikaners 'n obsessie met status het. (2)

1.13 Waarom is SMS'e 'n gerieflike wyse van kommunikasie? (1)

1.14 Lees paragrawe 11 en 12 weer deur.

Waarom word die gebruik van selfone in die openbaar 'n groeiende irritasie? (1)

1.15 Lees paragraaf 12 weer deur.

Wat beskou jy as korrekte selfoonetiket? Motiveer jou antwoord. (1)

**EN**

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:




[Uit: *Beeld*, 13 September 2006]

| | | |
|---|---|---|
| 1.16 | Watter emosie ervaar die pa volgens die prent? | (1) |
| 1.17 | Waaruit lei die pa af dat Frankie probleme met skoolwerk het? | (1) |
| 1.18 | Waaroor is die ma bekommerd? | (1) |
| 1.19 | Watter oorsaak kan jy uit die prent aflei vir die ma se bekommernis? | (1) |
| 1.20 | Watter emosie ervaar Frankie volgens die prent? | (1) |
| 1.21 | Hoe word daar in die prent met die vereistes, wat die SAL vir vlieëniers oorweeg, gespot? | (1) |
| 1.22 | Frankie probeer die indruk skep dat hy Wiskunde leer. Waarmee dink jy is hy eintlik besig? | (2) |
| 1.23 | Wat is, naas vlieg, Frankie se ander belangstelling, volgens die prent? | (1) |
| 1.24 | Watter aanduiding is daar op die voorblad van die Wiskundehandboek dat die Wiskunde wat Frankie tans moet bemeester, nie té moeilik is nie? | (1) |
| 1.25 | Waarom is Frankie se manier van kommunikasie tipies van die jonger geslag wat nie persoonlike kontak maak as hulle kommunikeer nie? | (1) |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Kyk na die grafiese voorstelling van Michael Schumacher se Formule Een-loopbaan. Vat die SEWE hoogtepunte van sy loopbaan saam in 'n paragraaf van hoogstens 80 woorde OF skryf die SEWE hoogtepunte van sy loopbaan puntsgewys onder mekaar neer in hoogstens 80 woorde.




[Uit: *Rapport*, 12 Oktober 2006]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL EN ADVERTENSIE

Lees die onderstaande teks deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:

### HELPENDE HAND VIR DIE GEMEENSKAP

**1. ARMOEDE - ONS UITDAGING**

Ekonome is besorg oor die gevolge van werkloosheid in arm gemeenskappe van ons land. Met die invloed wat werkloosheid en armoede op ons gemeenskappe het, sien ons dat baie mense in ons samelewing baie swaar kry. Navorsers beraam dat tot 60% van Suid-Afrika se mense met minder as R20,00 per dag moet klaarkom. Ons kinders en ons bejaardes word die hardste getref. By die Helpende Handfonds klop daar daagliks mense en instansies met behoeftes aan. Ons probeer help deur armoede te voorkom en maatskaplike nood in gemeenskappe te verlig.

**2. ONDERSTEUNING AAN BEJAARDES**

Die grootste nood in ouetehuise is dat bejaardes nie meer in staat is om die volle losiesgeld te vereffen nie. In die verlede het bejaardes se kinders hierdie tekorte help aanvul, maar weens toenemende werkloosheid onder hulle kinders, is hierdie bron ook besig <u>om leeg te loop</u>. Baie kinders sien, as gevolg van verbrokkelde verhoudings, ook nie kans om na hulle ouers of skoonouers om te sien nie. In die gemeenskap worstel bejaardes om hulle bestaande lewenstandaarde te handhaaf. Hulle het alternatiewe, goedkoper behuising nodig, wat tans nie beskikbaar is nie.

**3.. HULP IN NOODSITUASIES**

Naas verskeie programme wat deurlopend aandag kry, is die Helpende Handfonds soms ook by spesifieke noodsituasies, wat van tyd tot tyd ontstaan, betrokke. In 2005 is Stilfontein se gemeenskap tot stilstand geruk na die onverwagse sluiting van die myn. Die hele gemeenskap is skielik in 'n onvoorsiene noodsituasie gedompel. <u>Mynwerkers was nie alleen die slagoffers nie, maar dit het ook die hele besigheidsgemeenskap getref</u>. Met die bystand van die Helpende Handfonds, is daar binne 'n baie kort tydjie 'n gemeenskapsforum tot stand gebring en is die hele gemeenskap daardeur bedien. Hierdie is 'n wonderlike suksesverhaal. Omdat daar na hierdie mense in nood uitgereik is is hulle lewensomstandighede verbeter en het hulle weer kans gesien om voort te gaan.

Kopiereg voorbehou 

**4. ONS HET U HULP NODIG!**

Die Helpende Handfonds nodig die gemeenskap se hulp om mense in nood te help, sodat hulle nie weggewys word. Ons ervaar daagliks dat mense se harte en hande oop is en dit maak ons in staat om 'n verskil in mense, wat swaar kry, se lewens te maak. U kan ons projekte ondersteen deur:

- 'n Maandelikse debietorder
- 'n Eenmalige donasie
- Skenking van bates
- Nie-bederfbare voedsel
- Vrywilige hulp

Vir meer informasie kan u ons gerus skakel by 082 384 0226.

[Verwerk uit: *Born to shop*, Oktober 2006]

3.1 Verduidelik wat jy onder *ekonome* (paragraaf 1) verstaan. (1)

3.2 Wat beteken -*loos* in werkloos (paragraaf 1)? (1)

3.3 Gee 'n sinoniem vir *beraam* (paragraaf 1). (1)

3.4 Gebruik die homofoon van *fonds* (paragraaf 1) in 'n sin, wat duidelik aandui hoe die nuwe woord se betekenis van 'fonds' verskil. (1)

3.5 Gee 'n antoniem vir *tekorte* (paragraaf 2). (1)

3.6 Die uitdrukking 'om leeg te loop' word in paragraaf 2 konnotatief gebruik. Gebruik die denotatiewe betekenis van *leegloop* in 'n sin. (1)

3.7 Wat is die basis (stam) van *verbrokkelde* (paragraaf 2)? (1)

3.8 'In die gemeenskap worstel bejaardes ...' (paragraaf 2)

Vervang die emotief-gelaaide *worstel* met 'n neutrale woord. (1)

3.9 Gee 'n sinoniem vir *naas* in paragraaf 3. (1)

3.10 Begin die onderstreepte sin in paragraaf 3 met 'Nie alleen ...', sodat die nuwe sin beteken dat die mynwerkers en die besigheidsmense saam die slagoffers van die mynsluiting was. (1)

3.11 Verander die volgende sin in 'n vraagsin: 'Hierdie is 'n wonderlike suksesverhaal' (paragraaf 3). (1)

3.12 Skryf die volgende sin in die bedrywende vorm:

'Omdat daar na hierdie mense in nood uitgereik is, is hulle lewensomstandighede verbeter.' (paragraaf 3) (1)

3.13 'Ons het u hulp nodig!'

Benoem hierdie sinsoort. (1)

3.14 'n Leesteken ontbreek in die laaste sin van paragraaf 3.

Voeg die leesteken op die korrekte plek in. Skryf sleg EEN WOORD voor en na die leesteken neer. (1)

3.15 In die eerste sin van paragraaf 4 is 'n woordkeusefout gemaak.

Skryf die korrekte woord neer. (1)

3.16 In die eerste sin van paragraaf 4 is 'n ontkenningsfout. Skryf die sinsdeel neer en verbeter die fout. (1)

3.17 Verbeter die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 4. Skryf slegs die korrekte uitdrukking neer. (1)

3.18 Gee 'n meer aanvaarbare Afrikaanse woord vir die Anglisisme wat in die laaste sin van paragraaf 4 voorkom. (1)

3.19 Verbeter drie spelfoute in paragraaf 4 deur slegs die DRIE foutiewe woorde korrek neer te skryf. (3)


**EN**

Kopiereg voorbehou 

Bestudeer die onderstaande teks en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:

# Wat maak ons

# aarbeie ...



Ons aarbeie behou al hul natuurlike, soet geur, helder kleur, vitamine C en mangaan, want ons gebruik topverskaffers, gevorderde afleweringsmeganismes, onafhanklike ouditeure en ons hou streng by internasionale voedselveiligheidstandaarde.

Ja, daar is 'n stelsel aan't werk hier, maar daar is ook ons gevoel vir varsheid, wat ons verder en varser laat reik vir jou.

[Verwerk uit: *dit*, Maart 2006]

3.20 Skryf die kop van die advertensie oor en voeg hoogstens twee woorde ná 'aarbeie' in. (1)

3.21 Waarom word 'aarbeie' in groter letters geskryf? (1)

3.22 Na wie verwys 'jou' in die slotreël van die advertensie? (1)


3.23 'Ons aarbeie behou al hul natuurlike, soet geur.'

Brei die onderwerp met 'n byvoeglike bysin uit. (1)

3.24 Herskryf 'wat ons verder en varser laat reik vir jou' en voeg 'n leesteken op die korrekte plek in, sodat 'vir jou' beklemtoon word. (1)

**EN**

Kyk na die volgende grappie en beantwoord dan die daaropvolgende vrae:



**Hulle was halfprys, Nols ... toe koop ek tweetjies.**

[Uit: *Huisgenoot*, 26 Oktober 2006]

3.25 Watter stereotipering van vroue kom in hierdie grappie voor? (1)

3.26 Hoe beïnvloed Nols se houding jou siening van Loretta se koopvernuf? (1)

3.27 Gee EEN woord uit die grappie vir die omskrywing van 'twee vir die prys van een'. (1)

3.28 Wat is die effek van die litotes in die grappie? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**